# OPSOMMINGS SUMMARIES

NATUURWETENSKAP KWARTAAL 1 GRAAD 5

## PLANTE EN DIERE OP AARDE: BAIE VERSKILLENDE PLANTE EN DIERE

### BIODIIVERSITEIT

- Daar is verskillende plante en diere wat in verskillende habitatte op Aarde lewe.
- Habitatte kan hoog of laag, nat of droog, warm of koud wees.
- **Biodiversiteit** is 'n term wat ons gebruik om al die verskillende plante en diere in 'n habitat te beskryf.
- Alle plante en diere vorm die totale biodiversiteit van die Aarde.
- Suid – Afrika het 'n wye verskedenheid inheemse plante en diere.
- **Inheems** beteken dat die plek waar iets lewe of groei sy natuurlike lewensplek is.

**NUWE WOORDE**

- **BIODIVERSITEIT:** Al die plante en diere in 'n habitat.
- **INHEEMS:** Behoort natuurlik in 'n bepaalde plek of habitat.
- **HABITAT:** 'n Plant of dier se natuurlike huis.

SAMPLE

### TROTS OP ONS PLANTE

- Suid – Afrika huisves baie inheemse plante.
- Kremertartbome, Kameeldoringbome en Aalwyne is ń paar voorbeelde van inheemse plante.
- Bekende inheemse plante is fynbos (Word in Wes-Kaap gevind en sluit Proteas in), en Namakwalandse madeliefie (groei in Noord –Kaap en lok baie besoekers in die lente as hulle blom).
- Die Koningprotea is die Nasionale blom van Suid-Afrika.


Kremetartboom


Koningprotea


Aalwyne


Namakwalandse madeliefie

### INHEEMSE SUID-AFRIKAANSE PLANTE

- Kremetartboom
- Aalwyne
- Namakwalandse madeliefie

## METALE EN NIE-METALE: EIENSKAPPE VAN METALE

- Sekere eienskappe van metale, soos: hardheid, glans, sterkte, smeerbaarheid, buigbaarheid en smelting.
- Metale kan oral om ons gevind word.
- Motors word van 'n metaal wat yster genoem word gemaak.
- Vliegtuie word van 'n metaal wat aluminium genoem word, gemaak.
- Elektrisiteit word in drade wat van kopermetaal gemaak is gelei.
- Geldmunte word van metale soos koper, sink, nikkel of silwer gemaak.

## EIENSKAPPE VAN METALE

**Metale word deur hul eienskappe beskryf:**

- Is hard
- Is blink wanneer dit gepoleer word
- Is smeerbaar
- Is rekbaar
- Is sterk
- Smelt teen hoë temperature.
- Hulle gelei elektrisiteit.
- Is solied teen kamertemperatuur.

### HARDHEID

- Metale is hard.
- Hardheid is die vermoë om krapmerke of breking te weerstaan.
- Metale wat hard is, buig of duik nie maklik nie soos die wat gebruik word vir treinspore.



Sommige metale is hard en kan gebruik word om treinspore mee te maak.

### GLANS

- Metale is blink wanneer dit gepoleer word.
- Wanneer iets blink is, weerkaats dit lig.
- Ander metale soos koper, verloor hulle blinkheid of hulle kan roes.
- Munte, juwele en ander metaal voorwerpe kan met tyd dof word.

SAMPLE

## ENERGIE WORD IN BRANDSTOF GESTOOR

- Alle energie op die Aarde kom van die Son af.
- Energie word in talle soorte brandstowwe gestoor.
- Brandstowwe kan enige iets wees wat ons later kan gebruik om vir ons te werk.
- Voedsel stoor vir ons energie, ons gebruik die energie van voedsel om sport te kan doen.

## ONS GEBRUIK BRANDSTOWWE AS BRONNE VAN NUTTIGE ENERGIE

Ons gebruik elke dag die energie van brandstowwe om te kan

- Werk.
- Warm te bly.
- Kos warm te maak.
- Om op verskillende plekke uit te kom.
- Om ons huise te verlig.

## ALLEDAAGSE BRANDSTOF

- Alledaagse brandstof wat ons gebruik sluit steenkool, hout, petrol, parraffien, gas en kerswas in.
- Brandstowwe stoor energie wat ons gebruik.
- Hierdie energie kom van die son af.



Paraffien word in lampe gebruik.



Steenkool is 'n fossielbrandstof.



Kerswas word gebruik om kerse aan die brand te hou.



Gas word in party stowe gebruik.



Petrol word gebruik om motors te laat loop.



Hout word in party oonde gebruik.


SAMPLE

## DIE PLANEET AARDE: DIE AARDE BEWEEG.

- Die Son kom in die Ooste op en gaan in die Weste onder.
- Dit is die Aarde wat draai en om die Son wentel.
- Hierdie bewegings maak dag en nag asook die 4 seisoene.

## DIE AARDE SE WENTELBAAN.

- Die Aarde draai in 'n wentelbaan om die Son en neem 1 jaar (365 ¼ dae) om, om die Son te wentel.
- 'n Jaar word in 12 maande verdeel en die maande weer in kwarte wat as die 4 seisoene bekend staan.
- Die Aarde se wentelbaan is ovaalvormig.




**Figuur 2** Die Aarde se ovaalbeweging om die Son en die vier seisoene

**NUWE WOORDE**

- **WENTELBAAN:** Die baan wat een voorwerp om 'n ander een volg.
- **ILLUSTREER:** Om 'n voorbeeld te gee van wat jy bedoel of om iets visueel te verduidelik.

## DIE AARDE DRAAI OM SY EIE AS.

- Die Son beweeg nie om die Aarde nie, dit is die Aarde wat om die Son beweeg.
- Die Aarde roteer om sy eie as.
- Die Aarde se as is 'n denkbeeldige lyn. (Dit bestaan nie regtig nie)
- Die Aarde neem 24 uur om 'n volledige rotasie uit te voer (1 dag)
- Die plek waar jy jou in die dag op die Aarde bevind is na die Son gedraai.

 Property of LS Summaries Anze 064 558 8122